WEEK 33 - HERHALINGS VAN BERIGTE/INLIGTING IN 'N VORIGE VRYPOS

SINODALE NUUS

Taakspan: Vrouebediening NGKVS: 'n Spesiale bederf-projek:

Die nood is groot weens die erge droogtetoestande en verskeie aksies word reeds geloods en droogtehulp aangebied vir boere in hierdie gebiede. Die Taakspan: Vrouebediening van Sinode Vrystaat het 'n inisiatief geloots om vir die boervroue in die Noord-Kaap bederf-skoenbokse op te maak om hulle ook spesiaal te laat voel. Hulle wil die vroue sodoende ondersteun en bederf, aangesien hulle eie welstand nie iets is wat meer aandag geniet nie. Die inhoud van 'n bederfpakkie vir ongeveer R250 moet binne in 'n skoenboks pas. Dit kan verskeie items insluit, waarvan die volgende goeie riglyne is:

- Een of twee pare nuwe sokkies, lipstiffie, maskara, of 'n mooi serpie
- Hande/lyfroom, aanrol/deodorant, voetskuurder, voetroom/poeier, naelvyl (*emery board)*
- Haarsjampoe en opknapper, *tissues*, tandepasta, tandeborsel, *Vaseline, Lip Ice*
- *Body wash*, koekies seep, waslappe, skeermessies
- Tydskrif, geestelike dagboek, penne en potlode
- Pleisters, Panado's, watte
- Jellie- of suiglekkers, suiker, tee en koffie (*cuppuchino* stokkies), koekies, *muffin mix,* jellie en vla (moet net nie saam met seep verpak nie, draai afsonderlik toe)
- Kombuisvadoek/afdroogdoek
- Vuurhoutjies
- Sit ook gerus 'n bemoedigende briefie daarby, met jou naam (as jy wil) én 'n teksvers en draai dit mooi toe. Sommige persone draai hul bokse met koerant- of bruinpapier toe en sit 'n mooi strik om.

Lees gerus **hier** 'n hartverskeurende storie van 'n Karoo-vrou wat só 'n skoenboks ontvang het...

ALGEMEEN

Jaarboek 2020 Bestelvorm: Die Jaarboek van die NG Kerke 2020, verskaf al langer as 160 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate. **NB! Gemeentes/belangstellendes moet asseblief kennis neem** dat ***julle sélf verantwoordelik is om Jaarboek 2020 by Bybel-Media Handel te bestel*** - klik **hier** vir die bestelvorm.

Gratis Bybelkor-kursusse: Dr Johan van Wyk, emeritusleraar van Odendaalsrus, laat weet dat hy 'n volledige reeks Bybelkor-kursusse het en dit graag vir 'n gemeente/instansie, of iemand wat dit kan gebruik, wil skenk. Kontak hom op 082 565 0670, of per e-pos by **vanwykjc@telkomsa.net**

Eerstejaarskampe 2020:

Kougom Kamp, Universiteit van die Vrystaat: Vanaf 12 - 16 Januarie 2020, aangebied deur die NG Studentekerk, Bloemfontein - **klik op die logo links**, vir direkte toegang tot die webblad waar voornemende studente kan registreer.

PUK Kandelaar, Potchefstroom: Vanaf 7 - 10 Januarie 2020, **klik op biljet links** vir al die besonderhede.

Universiteitsoord - TUKS Pretoria: **Vanaf 20 - 24 Januarie 2020, klik op biljet links**, vir die webblad waar jy vir die kamp kan registreer.

Kruiskerk, Universiteit Stellenbosch: **Vanaf 19 - 22 Januarie 2020, klik op biljet regs**, vir webblad met meer besonderhede en waar julle kan registreer.

GEMEENTENUUS

NG Bedelia, Welkom se Gholfdag: **Klik op die biljet regs** vir al die besonderhede, sowel as 'n borgvorm vir hierdie geleentheid. Inskrywings vir die gholfdag is reeds oop. Kontak Linda by Oppenheimer Gholfbaan, 057 353 2131, of vir Christo of Jacoba Nel by 082 443 9605 vir meer inligting oor die Gholfdag.

OPLEIDINGSGELEENTHEDE

Pastorale Beradingskursus rakende die area van selfvergifnis - Saterdag 16 November 2019: Hierdie kursus word deur die bekende prof Wentzel Coetzer in Potchefstroom aangebied - klik **hier** vir al die besonderhede.

Werkswinkel - Hoop vir Kinders (Laerskool EE3): Hierdie opwindende fasiliteerdersprogram word gedurende die Desembervakansie in Petrusburg aangebied. Klik **hier** vir meer besonderhede en inskrywingsvorm.

Preek Laboratorium 2020: As jy al ooit gewonder het hoe jy 'n groter verskil deur jou prediking kan maak, is die Preek Laboratorium net die regte ding om na te kyk. Volgens dr Floris Knouwds (fasiliteerder van die preeklab), is die fokus in hierdie kursus op persoonlike vorming en op maniere (die metodes "transformational learning"), wat jou help om inligting oor effektiewe prediking op die vlak van jou eie menswees te deurdink, te verwerk en te bemeester. Daarom is dit volgens hom 'n proses wat jou sal help:

- om nuut te dink oor jouself as prediker,
- om jou eie, persoonlike styl van prediking te verryk en meer veelsydig te maak, en
- om jou in te lei in die vaardighede wat dit moontlik maak om met groter impak te preek.

Vorige kursusgangers het (op hul evalueringsvorms) die volgende oor die preeklab te sê gehad:

"Dit het my gehelp om buite die boks te dink oor prediking... en nuwe hoop in my ontvlam."
"Die kursus was vol nuwe insigte, beginsels en tegnieke wat ek kan gebruik."
"Afwisseling in aanbiedingstyl het my deurentyd ingetrek en bygehou."
"Die preeklaboratorium was vir my as mens baie verrykend. Dit het my nader gebring aan God en aan my eie storie. Ek het in die proses ook ontdek watter blokkasies daar in my persoonlike groei en geestelike groeiproses bestaan."
"Die waardevolste kursus wat ek in baie jare bygewoon het."

Die **Preek Laboratorium word oor ses dae (4 & 5 Maart, 6 & 7 Mei en 8 & 9 Julie 2020) aangebied** by Coram Deo Sentrum, Lucasstraat 37 in Risiville, Vereeniging. Die kursus kos R1500 per persoon (middagetes ingesluit) en is geregistreer vir 58 x VBO punte. Vir meer inligting, kontak dr Floris Knouwds op 082 927 2575, of by **fknouwds@gmail.com**, of jy kan gaan loer by **http://www.coramdeong.com/preeklaboratorium.html**